Opstel

Skryf ’n opstel van ’n 150 tot 200 woorde.

Die opstel moet gaan oor wat jy sou doen as jy die jaar in graad 12 was.

- Onthou graad 12 is ’n spesiale jaar en daar is baie wat jy sal uit mis op
- In jou opstel sal jy moet se hoe jy die probleem sal aanvat

Daar moet navorsing wees.

- Die navorsing kan van ’n ouer broer of suster af kom of van die internet af.
- Daar moet teen minste 4 paragrawe wees.
- Jy mag ’n maat vra vir help as jy vas sit

Gebruik die rubriek hier onder om jou te help

Kriteria	**Uitsonderlik** *(Skitterend)*	**Knap** *(Baie goed)*	**Gemiddeld** *(Bevredigend)*	**Elementêr** *(Baie swak)*	**Onvoldoende** *(Onverstaanbaar)*
INHOUD en **BEPLANNING** **10 punte**	**9–10** **Inhoud** uitsonderlik of treffend of bo verwagting. - Idees is intelligent of verbeeldingryk. Dit laat die leser nadink. **Beplanning**: uitsonderlike organisasie en samehang. - Treffende inleiding, liggaam en samevatting of slot.	**7–8** **Inhoud** baie goed. - Idees is relevant, interessant en oortuigend. **Beplanning** goed en samehangend. - Goeie inleiding, liggaam en samevatting of slot.	**5–6** **Inhoud** bevredigend; soms onduidelik. - Idees redelik same-hangend en oortuigend. **Beplanning** - Redelike organisasie; inleiding, samevatting of slot.	**3–4** **Inhoud** Bly nie altyd by die onderwerp nie. - Idees is losstaande of onduidelik of verwarrend. - Dwaal af en/of is onsamehangend. - Herhalings kom voor. **Beplanning** is gedoen, maar is onvolledig.	**0–2** **Inhoud** grootliks irrelevant; nie van toepassing. - Idees is vaag of deurmekaar - Talle herhalings. - Nie oor die onderwerp nie. **Beplanning** van geen nut nie. / Geen beplanning nie.
TAAL, STYL en **REDIGERING** **5 punte**	**5** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas uitstekend by die onderwerp, doel gehoor en konteks. - **Taal en leestekens** is effektief benut, byna foutloos. **Figuurlike taal**, bv. beeld-spraak, is treffend en gepas. - **Feitlik foutloos** na redigering en proeflees.	**4** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas baie goed by die onder-werp, doel en konteks. - **Taal en leestekens** is goed; enkele foute. - **Figuurlike taal**, bv. beeldspraak, is gepas. - **Min foute** na redige-ring en proeflees.	**3** - **Styl, toon, register en woordeskat** is gepas vir die onderwerp, doel en konteks. - **Taal en leestekens** is gepas; dra betekenis oor. - **Figuurlike taal** kom hier en daar voor. - **Foute** nie erg steurend, na proeflees en redigering.	**2** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas nie by opdrag of onderwerp nie. - Steurende **taal- en spelfoute** en/of byna geen leestekens nie. - **Woordkeuse** beperk of pas nie by onderwerp nie. - **Baie foute**, selfs ná redigering en proeflees.	**0–1** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas glad nie by opdrag/onderwerp nie. - **Taalfoute** veroorsaak dat die teks moeilik lees of byna **onverstaanbaar** is. - **Wemel van foute**: Skynbaar glad nie geredi-

					geer of geproeflees nie.
STRUKTUUR en **FORMAAT** **5 punte**	**5** - Onderwerp ontwikkel uitstekend. - Uitsonderlike, helder besonderhede of detail. - Sinvolle afwisseling van **sinne en paragrawe** ***Lengte*** is korrek. **Formaat**: Gepas; akkuraat.	**4** - Onderwerp ontwikkel logies. - Samehangend. - Goeie / logiese afwisseling van **sinne en paragrawe**. ***Lengte*** is korrek. **Formaat**: Enkele onbeduidende foute.	**3** - Odnerwerp ontwikkel bevredigend en maak sin. - **Sinne en paragrawe** is goed gekonstrueer. - Inhoud maak steeds sin. ***Lengte*** is byna korrek. **Formaat**: Enkele foute.	**2** - Dwaal soms af. - Sinne en paragrawe foutief OF **Oorloopsinne**. - Inhoud maak sin t.s.v. die foute. ***Lengte***: Of te lank óf te kort. **Formaat**: Redelik ernstige foute.	**0–1** - Nie oor die onderwerp. - Sinne en paragrawe foutief. OF **Oorloopsinne** verwar die leser. - Inhoud maak nie sin nie OF Dit is onverstaanbaar. ***Lengte***: Veels te lank of te kort. **Formaat**: Onvanpas.

20 punte

Kommentaar:

_____

_____

_____

_____